

# 2021



**KAMP  
NAKUPHI**

06 September 2021

Beste Voortrekker, ouer en belangstellende,

Ons smag daarna om langs die Da Gama Dam in Mpumalanga saam te trek en die goeie nuus is dat Kamp Nakuphi voortgaan in 2021!

Kamp Nakuphi 2021 word aangebied tydens die skoolvakansie in Oktober van 2 tot 9 Oktober 2021 by die Da Gama Dam naby Witrivier, Mpumalanga.

Inskrywings vir Kamp Nakuphi 2021 het reeds oopgemaak en dankie vir dié wat reeds ingeskryf het. Daar is nog 'n beperkte aantal plekke by verskillende kursusse en jy word aangeraai om sou gou as moontlik in te skryf!

Kamp Nakuphi is toegewy daaraan om die COVID-19 pandemie te help bestry en om die veiligheid van al ons kampeerders op eerste prys te stel. Die kamp is onderhewig aan alle landswette en Die Voortrekkers se COVID-19 riglyne. Ons verstaan dat dit ongerief veroorsaak en addisionele kostes dra maar die kampbestuur is gebonde daaraan om 'n veilige kamp vir almal aan te bied.

Kamp Nakuphi het nog altyd 'n beperking geplaas op die aantal kursusgangers om te verseker dat 'n hoë gehalte kursus aangebied kan word. In lyn met ons COVID-19 voorbereidings is dit vanjaar nog strenger beperk.

Onder geweldige druk en baie uitdagings poog Kamp Nakuphi om steeds 'n bekostigbare kamp aan te bied. Ons hou 'n kleiner kamp met minder persone en moet steeds vaste uitgawes aangaan. Dankie vir die geleentheid wat toegestaan is aan die kampbestuur om die nodige beplanning in plek te kry na aanleiding van die inskrywings reeds ontvang.

Slegs 'n paar kursusse word vanjaar aangebied en ons weet dat dit weereens 'n onvergeetbare kamp gaan wees. Kom maak kennis met Verkennerwees by ons **Varswaterkunde** of **Roeikunde** kursus, ontdek die natuurskoon van Da Gama Dam by die **Voëlidentifiseringkursus** (wat 'n uitstappie na die Kruger Nasionale Park insluit!) of bemeester die wind by **Seilkuns!**

Met net 'n paar weke tot Nakuphi 2021 is ek baie opgewonde om elke Voortrekker binnekort op die kamp te ontmoet.

Tot dan, bly veilig!

Jaco van der Walt

**Kamplieier**

## Kampinligting

---

<b>Tydperk</b>	Saterdag, 2 Oktober 2021 om 12:00 tot Saterdag, 9 Oktober 2021 om 11:00
<b>Plek</b>	Forest Sailing Club Da Gama Dam - tussen Witrivier en Hazyview, Mpumalanga
<b>Verblyf</b>	Elke persoon is verantwoordelik vir sy/haar eie tent.  <b>LET WEL:</b> In lyn met ons COVID-19 protokol mag 'n tent slegs gedeel word deur persone van dieselfde geslag en huishouding. Slegs 50% bewoning van die tent word toegelaat. Dit beteken dat slegs 2 persone in 'n 4-man tent mag slaap.
<b>Vervoer</b>	Busvervoer is beskikbaar vanaf Die Voortrekkermonument, Pretoria teen 'n addisionele R580 retoer.
<b>Sluitingsdatum vir inskrywings</b>	24 September 2021

## Busdiens

---

<b>Vertrek</b>	Die Voortrekkermonument parkeerterrein Saterdag, 2 Oktober 2021 om 07:00
<b>Terug</b>	Die Voortrekkermonument parkeerterrein Saterdag, 9 Oktober 2021 om ongeveer 17:00
<b>Busoperateur</b>	<i>Future Coaches</i>
<b>Koste</b>	Addisionele R580 by inskrywingsfooi
<b>Reisreëlings</b>	Maak asseblief seker dat jy aanmeld by die Kamp Nakuphi offisier wat jou by die oplaaipunt sal ontmoet en jou naam afmerk.  Die bus sal halfpad stop vir 'n kort blaaskans. Daar sal geleentheid wees om koeldrank te koop, maar in belang van reistyd mag geen wegneemetes aangekoop word nie. Dit is dus 'n goeie idee om peuselgoed saam te bring. Middagete sal met aankoms op die kamp gegee word.
<b>COVID-19</b>	Die busdiens is onderhewig aan alle COVID-19 protokolle. Dit is verpligtend om 'n masker vir die duur van die busrit te dra.

## Kontaknommers tydens die kamp

---

Vir enige noodgeval of dringende boodskap is die volgende nommers 24-uur per dag beskikbaar:

<b>Jaco van der Walt</b>	<i>Kampteier</i>	<i>072 312 7722</i>
<b>Susan Conradie</b>	<i>Kampsekretaresse</i>	<i>082 563 1207</i>

## Verkennerkursusse

---

<b>Kursus</b>	<b>Skoolgraad</b>	<b>SO's verwerf</b>	<b>Kampfooi</b>
Varswaterkunde	Graad 8	Varswaterkunde Waterveiligheid	R1700
Roeikunde <sup>†</sup>	Graad 9	Roeikunde Riviere Waterveiligheid	R1700
Voëlidentifisering <sup>‡</sup>	Graad 9 - 12	Voëlidentifisering Waterveiligheid	R2160
Seilkuns <sup>†</sup>	Graad 10 - 12	Seilkuns Seilvernuf Waterveiligheid	R1750

<sup>†</sup> Verkenners wat inskryf vir Roeikunde of Seilkuns moet beskik oor basiese swemvaardighede en moet gemaklik in die water kan beweeg.

<sup>‡</sup> Sluit 'n begeleide toer van die Kruger Nasionale Park in.

## Volwassenes

---

Kursusaanbieders	Staatmakers, Offisiere en diensdoenende volwasselede.	R800
Meelopers	Ouers en eggenote wat nie diens lewer tydens die kamp nie.	R1600

'n Aanlyn offisierevergadering vind plaas op Saterdag, 25 September 2021. Alle volwassenes wat die jaar op Kamp Nakuphi kamp word na die vergadering genooi. Meer inligting sal volg.

## Penkoppe en Drawwertjies

---

Paddavissies	Voor- of laerskoolkinders	R450
--------------	---------------------------	------

Slegs Penkoppe en Drawwertjies van volwassenes wat diens lewer tydens Kamp Nakuphi word toegelaat. Die Paddavissies volg hulle eie program terwyl Mamma of Pappa bedrywig is op die kamp.

## Snoepie

---

Daar is nie 'n snoepie tydens Kamp Nakuphi nie.

# Inskrywings

---

Inskrywings vir Kamp Nakuphi 2021 het reeds oopgemaak.

Skryf aanlyn in vir Nakuphi 2021 by <https://inskrywings.voortrekkers.co.za>

Baie dankie vir dié wat reeds ingeskryf het. Daar is steeds 'n beperkte aantal plekke by verskeie kursusse beskikbaar. Jy word aangemoedig om so gou as moontlik in te skryf indien jy wil kom kamp!

Die wat reeds ingeskryf het sal binnekort 'n SMS en e-pos ontvang met instruksies vir betaling van kampfooie. Alle kampfooie moet direk in Kamp Nakuphi se bankrekening inbetaal word en dit is as volg:

**Kamp Nakuphi**

**ABSA Bank**

**Takkode: 334-248**

**Tjekrekeningnommer: 4054232467**

**Verwysing: Soos ontvang tydens inskrywingsproses**

Stuur asseblief die bewys van betaling na [susan@nakuphi.co.za](mailto:susan@nakuphi.co.za).

Die sluitingsdatum vir inskrywings is **24 September 2021**. Alle kampfooie moet voor aanvangs van die kamp betaal wees.

Indien jy vashaak en 'n spesiale reëling wil tref, kontak die kampbestuur asseblief so gou as moontlik.

Dit is 'n vereiste van Die Voortrekkers dat alle persone wat inskryf vir Kamp Nakuphi **ingeskrewe lede van Die Voortrekkers moet wees**. Jeuglede (Verkenner en Penkoppe en Drawwertjies) moet by 'n Kommando ingeskryf wees. Volwassenes kan aansoek doen om as Jeugvriende te registreer (teen geen koste nie).

Indien jy reeds ingeskryf het vir Kamp Nakuphi 2021 maar nie meer kom kamp nie, stel asseblief die kampsekretaresse in kennis by [susan@nakuphi.co.za](mailto:susan@nakuphi.co.za) of 082 563 1207.

Geen terugbetaling van kampgelde sal na 24 September 2021 gemaak word nie en alle kampfooie word verbeur.

## Kampbenodighede

---

- Koffie- en koeldrankbeker. **Geen bordesakke** is nodig nie - die kamp voorsien almal van weggooibare eetgerei om higiëne te bevorder.
- Flits** of kopligh met spaar batterye. Daar is geen krag op die kamp nie!
- Eie **tent**, grondseil, slaapsak, matrassie en kussing.  
**LET WEL:** In lyn met ons COVID-19 protokol mag 'n tent slegs gedeel word deur persone van dieselfde geslag en huishouding. Slegs 50% bewoning van die tent word toegelaat. Dit beteken dat slegs 2 persone in 'n 4-man tent mag slaap.
- Lewensgordel** of lewensreddingsbaadjie
- Volledige **aktiewe Voortrekkerdrag** met erkenningsbaadjie. (Donkerblou denimbroek met 'n blou, wit of rooi Voortrekker Gholfhemp en toe skoene of tekkies)
- Genoeg ou **klere** vir die kamp
- Genoeg **gesigmaskers** vir die duur van die kamp
- Swemklere**. Dogters: volledige eenstuk swemklere. Seuns: geen speedos nie!
- Warm klere** (trui, sweetpak, baadjie). Dit word nog koel in die aande!
- Reënjas**
- Gemaklike **toe skoene** waarmee jy kan stap
- Skoene wat kan nat word/in water kan beweeg. *Aqua Shoes* werk goed en niemand gaan iets sê as jy *Crocs* dra nie.
- Bybel**
- Toiletware**
- Sonbrandroom** en sonbril
- Waterbottel**
- Enige spesiale **medisyne** met duidelike gebruiksaanwysings
- Pen, potlood en notaboekie
- 'n **Klein dagsak** vir algemene gebruik tydens jou kursus

### Varswaterkunde:

- Opvoubare **visstok** en klein visvangtrommeltjie (vislyn, hoekies, sinkerkies, ens.)

### Voëlidentifisering:

- Vërkyker** en voëlboek indien jy een besit

## Kampreëls

---

Niemand mag die kampterrein verlaat sonder die Kampleier se toestemming nie. Enige spesiale reëlings moet vroeëtydig met die kampbestuur uitgeklaar word.

Geen radio's, musiekspelers, luidsprekers of elektroniese speletjies word toegelaat nie. Los jou *Bluetooth Speaker* asseblief by die huis - ons verkies die roep van visarende bo jou sokkie-treffer.

Verkenner wat van busvervoer gebruik maak word versoek om bedagsaam te pak en om onnodige toerusting by die huis te los. Jou kampstoel is die eerste item wat ons langs die pad afgooi!

Die eerste ete wat die kombuis voorsien is middagete op Saterdag, 9 Oktober 2021. Persone wat vroeër op die kamp aankom moet die Kampleier vooraf in kennis stel.

Geen bederfbare kos mag saamgebring word vir gebruik na Saterdagmiddag wanneer die kampkombuis amptelik oopmaak nie. Enige lekkergoed of peuselhappies moet asseblief in 'n geseëelde houer geberê word.

Geen Verkenner mag klappers, vuurwerke, vuurhoutjies of aanstekers in sy/haar besit hê nie. Ons kamp in 'n bosbou area wat baie vatbaar is vir veldbrande!

Geen Verkenner mag gewoontevormende middels (sigarette, vape, drank, dwelms, hubbly-bubbly's ens.) in sy/haar besit hê of tydens die kamp gebruik nie. Indien sulke items by 'n Verkenner gevind word, sal die Verkenner en sy verbode middels huis toe gestuur word.

Die gebruik van selfone tydens die kamp is op die Verkenner se eie risiko. Kamp Nakuphi sal geen verantwoordelikheid neem indien jou selfoon wegraak of as jy met jou selfoon in die dam spring nie. Ouers word aangemoedig om eerder met die Kampleier of Kampsekretaresse persoonlik te skakel indien nodig.

Verkenner moet swemklere saambring wat die nodige beskerming teen die son bied en waarvoor niemand gaan skaam kry nie. Almal gaan heeldag bedrywig wees in en om die water en die kans vir ernstige sonbrand is 'n realiteit. Geen bikinis, speedos of hemde sonder moue mag gedra word nie!

Daar is geen krag op die terrein nie en kragopwekkers word volgens 'n skedule aangeskakel om noodsaaklike toerusting beskikbaar te stel. Dus is daar geen kapasiteit of fasiliteite om jou selfoon of kamera te herlaai nie.

Alle persone wat Kamp Nakuphi bywoon aanvaar dat COVID-19 'n risiko inhou vir alle kampeerders. Die kampbestuur onderneem om alle COVID-19 maatreëls streng toe te pas, maar besef dat selfs met die nodige sosiale afstand, gesigmaskers en ontsmettingsprotokolle, die verspreiding van COVID-19 steeds 'n moontlikheid is. Enige persoon wat simptome toon sal vir die duur van die kamp geïsoleer word en die ouers sal versoek word om eie reëlins te tref om die kind self van die kamp terug te besorg. Enige persoon wat nie die kampreëls of landswette ten opsigte van COVID-19 gehoorsaam nie sal versoek word om die kamp onmiddelik te verlaat. Alle persone ouer as 18 word sterk aangemoedig om ingeënt te word teen COVID-19 voor aanvangs van die kamp.

Alle persone wat Kamp Nakuphi bywoon onderwerp hulself aan die gesag, gedragskode en reëls van bestuursliggame van Die Voortrekkers en aanvaar dat daar toepaslik volgens die bepalings van Die Voortrekkers se Reglemente, insake dissiplinêre optrede, opgetree kan word indien hy/sy die beginsels daarvan of ander landswette oortree en aanvaar enige sodanige wettige optrede.